



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2016

**AFRIKAANS HUISTAAL V1
MEMORANDUM**

PUNTE: 70

Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1****Nasien van die leesbegrip:**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word by Huistaal gepeenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepeenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae, WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING word slegs die rede/motivering/aanhaling bepunt.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepeenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee, drie of vier feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word **BEIDE** die letter aanvaar **EN** die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.

VRAAG 1: ARTIKEL EN VISUELE TEKS

Vraag	Antwoord (Sien BETEKENIS na, nie woorde nie! Die EERSTE feit staan voor die voegwoord EN ...)	Punt
1.1	Jenna het steeds mense “gered” alhoewel haar gesondheid baie sleg was. Ons sou verwag dat gesonde mense ander siek mense sou red.	(1)
1.2	Jenna het self ’n dubbele longoorplanting benodig. ✓/ Sy het bewus geword dat Suid-Afrika baie min orgaanskenkers het ✓/ en het dus die veldtog begin om meer orgaanskenkers te kry. ✓ (Enige <u>twee</u> motiverings)	(2)
1.3	Feit? Haar Get Me To 21-veldtog het mense bewus gemaak van orgaan-skenking ✓/ en meer mense het geregistreer ✓/ Mense is nou meer bewus van orgaanskenking en haar veldtog. ✓/ Haar gesin gaan voort met haar veldtog. ✓ (Enige <u>drie</u> motiverings)	(3)
1.4	Waar As klein meisietjie het sy al gesê dat sy ’n verskil in mense se lewens wil maak ✓ EN Sy het reeds op 8 jaar ’n boek geskryf en die opbrengs geskenk aan rolstoel vir kinders. ✓	(2)
1.5	Dis diegene wat gebore is van die middel-negentigs tot nou.	(1)
1.6	Nee. Hulle is slegs kinders en word nie ernstig opgeneem deur volwassenes nie – dus ook nie na geluister nie./ Kinders het nie die middele om werklik ’n verskil te maak nie. Ja. Malala, 17 jaar oud, en jongste wener nog, het die Nobelprys vir Vrede gewen – die wêreld weet van haar en luister na haar./ Jordan van der Walt, 15 jaar en die enigste kind, was finalis in Africa News Network se Suid-Afrikaner van die Jaar.	(1)
	(Geen punt vir JA of NEE nie, motivering bepaal die punt)	
1.7	Jordan is aangewys as eerste nasionale held van LeadSA, ✓ en het ’n toekenning vir filantropie van die Inyathelo-instituut gekry. ✓	(2)
1.8	Faktore wat ’n rol speel, is jou wil om te help, ✓ as jy ’n groot genoeg hart het/liefde ✓ en passie. ✓	(3)
1.9	Die “millennials” is ek-selfgesentreerd teenoor die ons-gesentreerdheid van Generasie Z. ✓ Generasie Z het ook ’n sterk bewussyn van maatskaplike probleme en is bewus van hul keuses en gevolge daarvan op die omgewing en wêreld wat anders is as die “millennials” met hul selfgesentreerdheid. ✓	(2)

1.10	Jongmense het selfvertroue deur hul kennis van tegnologie en glo dat hulle die wêreld kan verander. ✓/ Dis maklik vir jongmense om in kontak met mekaar en die res van die wêreld te bly. ✓/ Tegnologie verwyder struikelblokke soos lands-, taal- en Kultuurgrense. ✓/ Hulle voel sterker oor onregverdighede, ongeag die afstand waar dit plaasvind, as vorige generasies. ✓/ Hulle wil self iets daaraan doen. ✓ (Enige <u>vier</u> van bg.)	(4)
1.11	Ja, ons kan dit aflei uit par. 2 waar Malala en Jordan namens die stemloses praat en doen.	(1)
1.12	Jongmense is ingelig oor die wêreld deur middel van hul selfone en die internet. ✓/ Jongmense werk saam aan wêreldprobleme selfs oor landsgrense heen. ✓/ Jeugprogramme, leierskapkursusse en selfs sommige universiteits-toelatingsvereistes vereis gemeenskapswerk van jonges. ✓/ Sosiale netwerke veroorsaak dat jy nie oor geld, borge en sterk infrastrukture hoef te beskik om 'n verskil te maak nie. ✓/ Daar is net kreatiewe denke, klein idees en omgee nodig om 'n verskil te maak. ✓ (Enige <u>drie</u> van bg.)	(3)
1.13	Jy kan 'n verskil maak ongeag en jy moet dus 'n verskil probeer maak.	(1)
1.14	Dit trek onmiddellik 'n mens se aandag. ✓ Dit sluit direk aan by die gedagte/organisasie, Circle of Life. ✓	(2)
1.15	Die klein kindjie is weerloos en afhanklik, onskuldig en kyk stip na die leser om jou aandag te eis. ✓/ Die kindjie is gered en sal dus kan grootword omdat 'n onbekende skenker dit moontlik gemaak het – dus versterk dit die boodskap van Teks 1 dat ons elkeen 'n verskil KAN maak. ✓/ Die seuntjie se naam word genoem verder af in die advertensie se bewoording, dit word dus meer persoonlik gemaak (Keano Rhodes). ✓ (Enige <u>een</u> van bg.)	(1)
1.16	Dit beklemtoon die lewensirkel van 'n mens – vanaf geboorte tot die dood. ✓/ Die hele advertensie gaan oor die kind wat nog 'n kans gekry het – sy lewensirkel is nie beëindig nie. ✓ (Enige <u>een</u> van bg.)	(1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2****Nasien van die opsomming:**

- **Opskrif/titel:** Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne, in enige volgende** skryf.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied./Opsommings in die verkeerde formaat word geassesseer, maar leerders verloor 1 punt vir aanbieding in die verkeerde formaat.
- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/bepanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken vir HT:
 - 7 punte vir 7 feite
 - 3 punte vir taal
 - Puntetotaal: 10
- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
 - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe.
 - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe.
 - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe.
 - Verspreiding
- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
 - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie.
 - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt toe.
- **Penaliseer soos volg:**
 - ❖ Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra **woorde** toegelaat. Die **res van die opsomming word geïgnoreer**.
 - ❖ Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.

LET WEL: Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

Antwoord: Die volgende feite MOET in PARAGRAAFVORM aangebied word.

Aanhalings uit die teks:	Eie woorde:
<ul style="list-style-type: none"> • Stel selfoonvrye sones in die huis vas en wees streng hiermee en stel 'n voorbeeld. 	Bepaal selfoonvrye sones in jou huis.
<ul style="list-style-type: none"> • Foonvrye tye is belangrik. 	Tye sonder selfone is belangrik, veral tydens kuiers met vriende.
<ul style="list-style-type: none"> • Maak 'n speletjie daarvan om selfone minder te gebruik. 	Gebruik jou selfoon minder deur speletjies te gebruik en 'n prys as aansporing te gebruik.
<ul style="list-style-type: none"> • Stel gesinsreëls vir sosiale media op. 	Besluit as gesin wat op sosiale media gedeel mag word.
<ul style="list-style-type: none"> • Gaan deur al jou sosiale media-profiele en dateer dit op. 	Werk deur jou sosiale media-profiele en dateer dit op.
<ul style="list-style-type: none"> • Maak 'n sekerheidskopie van jou data en foto's. 	Stoor jou data en foto's met 'n sekerheidskopie en begin met 'n skoon foon.
<ul style="list-style-type: none"> • Maak jou foon gereeld met 'n antibakteriese klamlappie skoon. 	Maak jou foon dikwels met 'n antibakteriese klamlappie skoon.

(65 woorde)

'n Opsomming wat inparagraaf vorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:

Bepaal selfoonvrye sones in jou huis. Tye sonder selfone is belangrik, veral tydens kuiers met jou vriende. Gebruik jou selfoon minder deur speletjies te gebruik en 'n prys as aansporing te gebruik. Besluit saam as gesin wat op sosiale media gedeel mag word. Werk deur jou sosiale media-profiele en dateer dit op. Stoor jou data en foto's met 'n sekerheidskopie en begin met 'n skoon foon. Maak jou foon dikwels skoon met 'n antibakteriese klamlappie.

Getal woorde: 63

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
 - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
 - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
 - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½ punte toegeken word.

VRAAG 3

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	TV-kykers, of spesifiek SABC TV-kykers ✓	(1)
3.2	Koninkrykies (meervoud is belangrik) ✓	(1)
3.3	Koninkryke sal moontlik/miskien/dalk/heel waarskynlik voor jou neerbuig. ✓	(1)
3.4	Draaiboekskrywers – skryf die woorde (draaiboek) van films. ✓ Kopieskrywers – skryf die woorde van advertensies. ✓	(2)
3.5	Werk ✓	(1)
3.6	Samestellings gekoppel aan 'n afkorting, (wat uit 'n afkorting bestaan) moet 'n koppelteken kry. ✓	(1)
3.7	Akuut ✓	(1)
3.8	(Om te) bring ✓	(1)
3.9	Samestellende afleiding ✓	(1)
		[10]

VRAAG 4

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	dalk/heelwaarskynlik/miskien ✓	(1)
4.2	Ek is verveeld, want ek het niks interessant om te doen nie. ✓	(1)
4.3	Hy is wel lus om te gaan en maak net asof hy nie wil gaan nie. ✓	(1)
4.4	Hy sê liefdevol aan haar (dat) dit goed is dat sy nie saam gaan nie. ✓	(1)
4.5	assimilasie ✓	(1)
4.6	om aan te lê by iemand/ogies maak vir iemand/flankeer met iemand ✓	(1)
4.7	(van die tikster wat verlede jaar op een van die tafels geklim het.) ✓	(1)
4.8	iets tot niet/iets vernietig/iets verloor is ✓	(1)
4.9	Ben is geskok/verras/verbaas/verstom. ✓	(1)
4.10	Niks gaan haar van plan laat verander nie. Sy is vasbeslote. ✓	(1)
		[10]

VRAAG 5

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	Dit dui dat die inligting wat voorafgaande verduidelik, volg. ✓/ Dit sê wat jy maar kan glo. ✓ (Enige <u>een</u> van bg.)	(1)
5.2.1	2 verwen, vertroetel ✓	(1)
5.2.2	Lang ✓	(1)
5.3	Dit brei uit op die "magdom elemente" m.a.w. dit verduidelik watter elemente jou vel op sy beste laat lyk. ✓	(1)
5.4	Begin ✓	(1)
5.5	Bestanddeel ✓	(1)
5.6	'n middel wat behou/beskerm/bewaar ✓	(1)
5.7	Ryk Die ryk man ken die einde van sy skatte nie. ✓/ Die ryk van die koning strek ver en wyd. ✓ OF Reik na die sterre/jou drome ✓	(1)
5.8	Kalmerende ✓	(1)
5.9	Dink ✓	(1)
		[10]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70